Was dit 'n vergadering van afgevaardigdes wat sekere voor- (20) stelle en sekere memoranda daar gelewer het op daardie byeenkoms? -- Kyk, ek is soontoe sonder dat ek 'n stukkie papier gehad het as memorandum. Ek het teruggekom hiernatoe sonder dat ek enige iets van daardie aard by my gehad het.

En was hierdie byeenkoms daar of wat u dit ookal wil noem, was dit onder die leiding van UDF gehou en UDF se "education charter"? -- Waar, daar? Kyk ek is verwarr nou. Aan die begin u het genoem van ek is soontoe vir 'n "education charter", iets van dié aard. Nou sê u ek was daar gewees vir die UDF en ek is nou deurmekaar. Ek verstaan nou nie wat u wil sê nie. (30)

HOF / ..

HOF: Die advokaat wil weet wie is die mense wat die konferensie gelewer het of die byeenkoms gelewer het? -- Nee, ek weet nie, dit is iets van die verlede. Al wat ek vir die hof kan sê is dat ek daar was. Deur wie dit gereël was kan ek nie sê nie.

ASSESSOR: U sê u was onder die indruk dat u soontoe gaan om te gaan hoor watter tipe onderwys u kind in die toekoms gaan kry? -- Dit is so.

Wie het vir u gesê dat u sal daar hoor watter tipe onderwys u kind in die toekoms gaan kry? -- Kyk, ons het 'n kantoor daar by ons in Huhudi. Ek was nie alleen gewees wat soontoe gestuur was nie. Dit was ek en 'n ander persoon wat saam gestuur was deur die kantoor, wat vir ons gesê het dat ons na hierdie vergadering moet gaan in Durban, as ouers van Huhudi, om self met ons eie ore te gaan hoor wat daar gesê word, watse tipe onderwys in die toekoms gegee sal word aan ons kinders.

As jy praat van "ons kantoor in Huhudi", van watter kantoor praat jy? -- Ek praat van die kantoor van HUCA, HUYO, GAWU en UDF.

MNR JACOBS: So jy sê hulle het jou gestuur saam met 'n ander persoon. Wie was die ander persoon wat saam met jou Durban toe was? -- Joseph is sy naam. (20)

Maar gee vir ons meer besonderhede. Wat is sy van? -- Babuwa.

HOF: Spel dit net. -- B-a-b-u-w-a.

MNR JACOBS: Was hy van die bestuur van HUYO? -- Nee, hy is nie 'n lid van HUYO nie, hy is 'n lid van HUCA.

Van die bestuur van HUCA? -- Nee, hy is sommer 'n gewone lid. Hy was nie 'n lid van die bestuur nie.

Het jy hierdie organisasies wat jy genoem het wat jou (30) gestuur / ..

gestuur het, het hulle jou koste en die ander man se kostes ook betaal? -- Nee, ons het ons eie geld gebruik.

En moes julle aan hulle kom terugrapporteer? -- Ja, dit is so maar ek kan ongelukkig nie die blanke tale verstaan nie. Hulle het blanke taal gepraat.

HOF: By die vergadering daaronder? -- Ja. Nou hy is die man wat 'n goeie blanke taal kon verstaan het en dus is hy die persoon wat verslag gedoen het.

MNR JACOBS: Maar jy het darem goed genoeg verstaan om te weet watse toekomstige onderwys hulle voorstel vir jou kinders? (10 -- Nee, maar hierdie man verstaan mos die taal goed. Hy tolk vir my, ek vra altyd van hom af nou wat sê hulle, dan tolk hy dit vir my in Tswana.

Ek sien. Verstaan jy dan nie die ander tale, die blanke tale nie? Verstaan jy Engels? -- In die blanke tale verstaan ek hier en daar. Dieselfde geld ook vir Afrikaans en Engels. Daar is mense wat op skool was en onderwys gekry het in Engels asook Afrikaans. Nou ja, ek was nie op 'n skool gewees om al daardie tipe onderwys te kon kry om alles te kon verstaan nie.

HOF: Hoe het u nou verstaan gaan die onderwys in die toekoms lyk? -- Wat hierdie man vir my gesê het is dat by hierdie vergadering word daar gesê ons word aangemoedig om die kinders skool toe te vat dat hulle die onderwys kan kry sodat hulle nie kan sukkel om werk te kry nie, dat hulle in staat moet wees om dinge self te kan doen.

Moes jy al die pad Durban toe ry om dit te hoor? -- Ja, ek het mos nie geweet wat daar gesê gaan word nie.

MNR JACOBS: Is dit nie ook gesê dat in die toekoms die onderwys - dat die bestaande stelsel is nie aanvaarbaar nie, daar moet heeltemal 'n nuwe stelsel kom? -- Nee, maar kyk ek (30

verstaan / ..

verstaan mos nie wat daar gesê word nie. Ek hoor net van hierdie seun wat vir my sê wat daar gesê word en al wat ek sê is wat hy vir my gesê het.

Nou is daar nie gesê deur hom dat hulle wil 'n heeltemal nuwe stelsel van onderwysstelsel hê nie? -- Nie aan my nie.

HOF: Ek sien ons is nou besig om in die etenstyd in te loop nie.

MNR JACOBS: Ja, ek wou net seker gemaak het..

HOF: U kruisverhoor het nou vier minute krediet vir ons verwerf. (10)

DIE HOF VERDAAG VIR MIDDAGETE / DIE HOF HERVAT

K1385

TOM LEUTLWETSE THEBE, nog onder eed (deur tolk)

VERDERE KRUIISONDERVRAGING DEUR MNR JACOBS: Al die beskuldigdes is teenwoordig. Moet ek dit dan verstaan na al die moeite wat u gedoen het om Durban toe te gaan om uit te vind wat is die nuwe stelsel van onderwys het u teruggekom en nie geweet wat is die nuwe stelsel van onderwys nie? -- Ek het hier gesê dat ons gesê was om die kinders aan te moedig om skool toe te gaan.

Hulle moenie wegble van die skool af nie.

Is dit al wat jy uitgevind het in Durban? -- Ja. (20)

Hoe dikwels het die kinders daar in Huhudi weggeble van die skool af dat julle hulle dan moes aanmoedig om terug te gaan skool toe en nie weg te bly nie? -- Dit het nie gegaan oor die kinders wat weggeble het van die skool af nie. Dit was in daardie tyd wat daar moeilikheid was tussen die skoliere en onderwysers.

Waar? -- In Huhudi by die skool wat bekendstaan as Bopaganang.

Watse moeilikheid was daar? -- Wat ek verstaan het is dat dit gegaan het oor die skoolfooie. Dat die onderwysers die (30

kinders / ..

kinders huis toe gestuur het om die gelde te gaan haal terwyl die ander kinders met klasse aangegaan het in die afwesigheid van hulle.

Watse moeilikhede nog? -- Verskoon my?

Watse moeilikhede was daar nog? -- Ek weet nie van 'n ander ene nie, dit is die ene wat ek van geweet het.

Was daar nie ene gewees dat die onderwysers met die dogters gelol het nie? -- Nee, ek het nie daarvan gehoor nie. As dit so was, dit sal seker gewees het op 'n ander tyd en ek het toe nie daarvan geweet nie. (10)

Nou toe daarso nou die moeilikheid is tussen die onderwysers oor hierdie optrede van die onderwysers wat jy nou aan die hof beskryf het, wat het toe nou gebeur? -- Gebeur toe tussen wie? Gebeur tussen die onderwysers en die skoliere of tussen wie?

Ja, wat het toe gebeur by die skole? Het daar toe iets van gekom? -- Die ouers het na die skool toe gegaan by 'n vergadering wat daar gehou was waar dit bespreek was. Ek was nie daar gewees nie, maar ek verneem dat daar ooreenkoms was wat bereik is deur hierdie mense. (20)

Het die kinders iets gedoen toe die onderwysers nou hierdie dinge doen, toe hulle nou ontevrede was? Ek praat nie nou van die ouers nie, ek praat nou eers van die kinders. -- Nee, ek weet nie van iets wat hulle gedoen het nie.

HOF: Waar was u kinders op skool? -- My ouer kinders wat destyds op skool was, was nie hier in Huhudi nie maar die plek waarvandaan ek oorspronklik gekom het op 'n plaas.

Waar? -- By 'n plek wat bekendstaan as Tlakgameng.

Is dit ver van Huhudi af? -- Ja, dit is baie ver.

Nou maar hoekom stuur Huhudi se mense u wat nie kinders (30

op / ..

op Huhudi op skool het nie, dan na Durban toe? -- Dit is reg, ek het nie kinders gehad op skool destyds nie, maar ek het nog klein kinders gehad wat skool sou geloop het in Huhudi. Dit was dus in voorbereiding vir daardie kinders wat skool sou geloop het in Huhudi. En ek is 'n inwoner van Huhudi.

ASSESSOR: Kleinkinders of klein kinders? -- Dit is my eie kinders wat nog klein was.

MNR JACOBS: Het daar nie 'n "parents' support committee" tot stand gekom in Huhudi deur bemiddeling van HUCA nie? -- Daar was so 'n liggaam gewees, ja. (10)

Ja, en het jy nie op daardie bestuur gedien ook nie? -- Ek was nie 'n lid van die bestuur nie, maar wel 'n lid van daardie liggaam.

Ja, en jy het hulle vergaderings bygewoon, bestuursvergaderings? -- Nee, ek het nie spesifiek vergaderings bygewoon nie, ek het wel die gewone vergaderings bygewoon.

HOF: Wat was die doel van die "parents' support committee"? -- Ek het verneem dat dit te doen het met die hulp wat hulle verleen aan kinders van mense wat aangehou is. Hoe ek daarby betrokke geraak het was omdat 'n kind van my gearresteer was. (20)

MNR JACOBS: Waar was dit? -- In Huhudi was dit gewees.

'n Skoolgaande kind van jou? -- Nee, die kind was nie meer op skool gewees nie, dié het nou gewerk.

En waarvoor was hy gearresteer? -- -- Omdat die kind met ander kinders baklei het.

Sommer 'n gewone aanranding of het dit 'n politieke kleur gehad, oor dinge van politiek? -- Nee, ek sê die kind van my was gearresteer gewees omdat hy met ander kinders baklei het. Nou u sê was dit nie miskien politiek gekleurd nie. U sal aan my moet verduidelik wat u daarby bedoel, want ek weet nie (30

wat /..

wat dit beteken nie.

Sien ek sal dit so stel. Verwys u nou na die "detainees' parents' support committee"? Dit is eintlik wat jy sê die "support" committee. -- Is dit van politiek?

HOF: Nee, ons wil net die naam weet. Of die komitee se naam die "parents' support committee" is en of die komitee se naam "detainees' parents' support committee" is. -- Hulle noem dit DESCOM. Ek weet nie wat dit alles beteken nie.

MNR JACOBS: En is dit nie so dat DESCOM is meer geinteresseerd in die mense wat aangehou word en nie dadelik vervolg word nie, (10 maar wat aangehou word deur die polisie, wat deur politieke oortredings aan onluste deel te neem of mense op te sweep tot onlus of daardie tipe dinge nie? -- Ek het aangesluit by hierdie liggaam van DESCOM omdat dit aan my gesê was dat hulle is die mense wat vir jou kan help om kos weg te bring vir jou kind wat in hegtenis is of wat in aanhouding is. Byvoorbeeld te Vryburg het hulle geweier dat kinders kos moet ontvang. Nou ja, op grond daarvan het ek toe besluit om by hierdie liggaam aan te sluit.

En is dit nie so dat jou seun as hy net 'n misdaad ge- (20 pleeg het dan het hy sommer daarso gou voor die landdros gekom en sy saak is afgehandel, hy was nie aangehou vir 'n tyd nie?
-- Nee, dit weet ek nie.

HOF: Is u seun onmiddellik aangebring vir verhoor of is hy sonder verhoor vir 'n lang tyd aangehou? -- Hy was vir 'n lang tyd in aanhouding gewees by die tronk voor die saak voor die hof gekom het.

MNR JACOBS: Saam met baie ander kinders ook wat dieselfde tyd gearresteer was? -- Ja, dit is so.

Nou hierdie baie ander kinders wat daarso nou in Huhudi(30

so / ..

so gearresteer was, waarvoor is hulle gearresteer? -- Ek sal nie weet nie, elke ouer het net geweet van sy of haar kind hoekom die kind in aanhouding was.

Jy sien jy sal goed weet, meneer, want ek stel dit aan jou jy was 'n lid van die bestuur van die tak van DESCOM in Huhudi. -- Ja, dit is reg ek was 'n lid gewees, maar word dit dan van my verwag om te weet presies waarvoor elkeen van die kinders wat in aanhouding is, aangehou was?

ASSESSOR: U sê 'n saak het aangekom, ekskuustog, watse saak het aangekom? -- My kind was alleen voor die hof gewees (10 omdat hy met 'n ander seun baklei het. Hy het nie saam met die ander klomp wat in aanhouding was destyds voor die hof verskyn nie.

MNR JACOBS: Die ander klomp wat in aanhouding was, is hulle in groot krompe vervolg, voor die hof verskyn? -- Nee, ek sal nie daarvan weet nie want onmiddellik na my kind vrygelaat was uit die tronk, is ek toe uit om met my besigheid aan te gaan, dat ek die klere gaan verkoop het. Ek weet nie toe wat geword het van die ander kinders wat agtergebly het nie.

Kan jy net vir ons sê wanneer is hierdie seun van jou (20 gearresteerd? -- Dit was in 1983.

Nie in 1984 nie? -- Ek sê in 1983.

En toe het hierdie komitee al bestaan daar? -- Watter ene? DESCOM. -- Ja, dié het al bestaan.

Nou behalwe DESCOM het daar 'n ander komitee bestaan bekend as "parents' support committee"? -- Waar, in Vryburg?

Ja. -- Indien daar ene was, was ek nie daarby betrokke gewees nie. Ek was wel betrokke by DESCOM.

Was jy bewus van ene? -- Van die komitee waarvan u nou net gepraat het? (30

Ja / ..

Ja. -- Nee, ek was nie bewus daarvan dat daar so 'n komitee bestaan nie.

Kan jy net vir my sê jou seun se name? -- My seun se naam is Joseph Thebe.

Ek wil dit aan jou stel dat jy het dikwels vergaderings in die Roomse kerk in Huhudi van HUCA bygewoon, komiteevergaderings. -- Watse komitee?

Van HUCA. -- Ek ontken nie dat ek wel vergaderings bygewoon het by die Roomse kerk nie, as 'n lid, maar nie dat ek die komiteevergaderings bygewoon het nie. Ek was nie 'n lid van (10 die komitee nie.

ASSESSOR: Nou net oor u seun, dit lyk my ons is klaar met u seun. Wanneer is sy saak afgehandel? -- Hy was vir vier maande in aanhouding gewees.

HOF: Ekskuus, ek het nie gehoor nie? -- Hy was vir vier maande in aanhouding gewees en na daardie vier maande het hy voor die hof verskyn en die saak was afgehandel. Hy is toe weg om te gaan werk by die myne.

ASSESSOR: Watter jaar was dit wat dit afgehandel is? -- In 1983. (20

Dankie.

MNR JACOBS: In DESCOM het julle lyste opgestel met name van aangehouenes en dit dan aan die hoofkantoor van DESCOM verskaf? -- Ja, ons doen dit.

Het julle dan vir hulle gesê waarvoor is hulle aangehou of onder watter artikel van die wet is hulle aangehou? -- Wat dit betref net die mense wie se kinders in aanhouding was het dit geskryf en nie ek nie.

Maar julle het tog dit gekry as julle die lyste opstel, waar hulle onderskeidelik aangehou was en wat julle dan verskaf / .. (30

verskaf? Wat het julle gesê waarvoor is die mense aangehou?

-- Ons het deesdae hierdie artikel waarna verwys word, artikel 29, sê maar byvoorbeeld 15, waar geskrywe is dat as die persoon aangehou is onder daardie artikel dan word die artikel spesifiek genoem, onder watter artikel die persoon in aanhouding is.

Was daar baie mense aangehou daardie tyd, van hierdie mense wat julle die name van verskaf het onder artikel 29? -- Ja, ek onthou dat daar was 'n tyd wat daar baie mense in aanhouding was.

En ook onder die noodregulasies? -- Ja, dit kan wees. (10
HOF: Kan u my net sê toe daar nou baie in aanhouding was, was dit in 1983 of in 1984 of later? Is dit 1985/86? -- Dit was om en by sê maar 1984.

Het julle toe in daardie tyd opstande gehad in Huhudi?
-- Ja, daar was.

En het die aanhouding in verband gestaan met die opstande?
-- Ja, dit is so.

Ja, dankie.

MNR JACOBS: Nou die baie vergaderings wat u by die Roomse kerk bygewoon het, stem jy saam dit was nie massavergaderings nie(20 want die massavergaderings was nie gehou in die kerk nie? -- Nee kyk, by die Roomse kerk was daar nie baie vergaderings gehou nie. Eintlik by die Roomse kerk was dit net kantore gewees. Die vergaderings was by die saal, die gemeenskapsaal gehou.

Is jy seker daar was nie vergaderings by die Roomse kerk gehou nie? -- Ek wil dit aan u so verduidelik dat u my verstaan. Ek sê by die Roomse kerk was daar vergaderings gewees maar dit was baie selde dat 'n vergadering daar gehou word. Die meeste van die vergaderings was by die gemeenskapsaal gewees. U moet my nou verstaan, dit is nie dat ek sê dat daar geen (30 vergaderings/..

vergaderings hoegenaamd by die Roomse kerk gehou was nie.

HOF: As u nou praat van die Roomse kerk dan is dit nie die nuwe Roomse kerk nie, dit is die ou Roomse kerk? -- Ja, ek praat van die ou Roomse kerk waar die kantore is.

MNR JACOBS: Nou hou jy by jou getuienis van netnou dat jy het dikwels daar vergaderings bygewoon of sê jy nou dit is nie so nie? -- Ek herhaal dit ja, dat dit wel so is dat ek vergaderings bygewoon het by die Roomse kerk. Die vergaderings was nie soveel soos die vergaderings wat in die gemeenskapsaal gehou word nie. (10)

En daardie vergaderings by die Roomse kerk waar die kantore was, was komiteevergaderings. Dit was nie openbare vergaderings of massavergaderings nie? -- Maar dit is juis wat ek ontken daar gebeur het. Kyk as 'n mens praat van 'n komitee ek verstaan die volgende, dat sekere mense gekies is om op die komitee te dien en ek was nie een van die mense wat daar gekies was as 'n lid van die komitee wat daar gedien het nie. So ek kon nie daardie vergaderings bygewoon het nie.

Nou vertel vir die hof watse vergaderings het jy daar bygewoon? -- Kyk, ek weet nie of u dit as 'n vergadering (20) beskou nie, maar ek beskou dit nie as 'n vergadering nie. Sê nou byvoorbeeld ek het aangedoen by die kantoor die dag en ek vind dat die workers by die kantore sit daar ondermekaar en oor iets gesels en dit het plaasgevind miskien terwyl ek daar was of ek vind dat hulle alreeds besig was om te gesels, en hulle gaan toe voort met die gesprek in my teenwoordigheid sal u sê nou dat ek 'n vergadering bygewoon het of wat is dit wat u beskou as 'n vergadering.

Kan u vir ons sê was dit vergaderings of nie? -- Ek neem dit nie, ek aanvaar dit nie as 'n vergadering nie. (30)

Het / ..

Het u ooit enige vergadering by die Roomse kerk waar die kantore is bygewoon? 'n Vergadering? -- Maar ek het mos hier duidelik vir die hof gesê dat ek wel daar 'n vergadering bygewoon het. Dit was by die tyd wat 'n vroumens van die Black Sash by hierdie vergadering teenwoordig was.

Was dit die enigste een? -- Ja, dit is die enigste ene. Hoekom ek dit ook beskou as 'n vergadering, dit is omdat dit bygewoon was deur nog ander mense wat nie by hierdie kantore werksaam was nie.

Waar het julle die DESCOM vergaderings gehou waar julle(10 die lyste opgestel het en julle verslae gedoen het aan DESCOM hoofkantoor? -- DESCOM het geen reg gehad by daardie kantore nie dus indien daar enige vergadering gehou moes word, die was gehou by verskillende huis, dit wil sê lede se huise.

UDF vergaderings wat daar in die kantore gehou is in die Roomse kerk, het jy van hulle bygewoon? -- Ek weet nie van enige UDF vergaderings wat by die kantore gehou was nie. Die se vergaderings was by die saal gehou.

Het jy enige komiteevergaderings van UDF bygewoon? -- Nee. (20

Nou wil ek gaan na jou getuienis toe. Jy het vir die hof gesê van 'n vergadering wat jy bygewoon het in 1980, is dit reg? Jy onthou daarvan? -- Ja.

Nou is dit korrek om te sê dit was nie op daardie vergadering vir die eerste keer bekendgemaak daar gaan verskuiwings wees nie? -- Wanneer in 1982?

Ons praat nou van 1980, meneer. Ons moet nou nie rondspring nie, asseblief. -- Verstaan ek u reg dat dit die vraag is dit was nie vir die eerste keer in 1980 gemeld van die verskuiwing nie? (30

Op / ..

Op daardie vergadering nie. -- Ja.

Dit was al jare bekend gewees dat julle gaan verskuif na Pudimoe toe? -- Dit is heeltemal reg, dit was nie die eerste keer nie. Dit was juis die rede dat daar stappe geneem was om dit te verhoed.

Kan u net vir die hof sê hoeveel keer het mnr Dikhole, die raadslid, in jou teenwoordigheid op 'n ope en massavergaderings gesê dat daar niks is wat gedoen kan word om die verskuiwings te keer nie omdat die blankes so besluit het? -- Dit was net een vergadering gewees met hulle se terugkoms van Kimberley. By daardie vergadering het hy, Dikhole, gesê daar is niks wat gedoen kan word nie. So as die blankes sê dat daar getrek moet word, dan moet daar getrek word.

So dan is jou getuienis gister toe jy gesê het dit was by hierdie vergadering in 1980, volgens ek jou getuienis verstaan het, was dit nie reg nie? -- Ek sal nie ontken dat ek wel so gesê het nie, maar indien ek dit gesê het dan het ek fouteer.

Het jy ook 'n fout gemaak toe jy gesê het dat daar was op daardie vergadering in 1980 groot onmin gewees tussen die raadslede en die gemeenskap? -- Laat ek dit vir u so beskrywe. In daardie tyd die gemeenskapsraad se vergaderings en die rade self het met die gemeenskap daar op goeie voet saam vergadering gehou.

Nou hierdie vergadering in 1980, was dit op goeie voet gehou met die raadslede? -- Ja, daar was nog samewerking tussen die gemeenskap en die raadslede waar die raadslede ook saam gestaan het met die gemeenskap in die teensitting teen verskuiwings.

Jy sien, dan verstaan ek nie jou getuienis van gister (30
nie / ..

nie want jy het gesê op daardie vergaderings was daar onmin gewees. -- Wat ek daarby bedoel het is dat daar was nie duidelike optrede wat 'n mens kon gesê het dat die mense nie mekaar verstaan het nie, want die mense het tog saamgewerk om teen die verskuiwing op te tree. Dit het eers na hulle in Kimberley was begin dat die mense nie goed saamgetrek het nie, maar voor dit, wil sê voor hierdie vergadering ook van 1980, na dit bekend geword het dat die mense sal moet verskuiwe word, was daar nog goeie samewerking gewees.

So op hierdie stadium, is dit dan reg, toe wou die (10 gemeenskap nog die raadslede gehad het ook? -- Kyk, laat ek dit vir u so stel, as 'n persoon self hier terwyl ek hier staan, dit is nie almal mense wat vir my ken wat van my hou nie. Daar is van hulle wat nie van my hou nie. Dit is presies dieselfde wat gebeur het destyds met die gemeenskapsraad. Daar was van die mense in die gemeenskap wat hulle aanvaar het en daar was van die mense wat nie van hulle gehou het nie.

As persone, nie as raad nie? -- Ek weet nie of u die verskil sal verstaan nie. Daar is 'n verskil as mens iemand haat en daar is 'n verskil as 'n mens nie van daardie persoon (20 hou nie. Ek sê ek het nie gehou van wat hulle gedoen het as raadslede nie.

HOF: Maar het daar dan 'n stadium gekom wat die raadslede gehaat geraak het? -- Ek weet nie van haat nie, edele, want ek het nie die mense gehaat nie. Selfs nou wat ek hier staan, ek haat nie daardie mense nie.

Maar dan is ons nou terug waar ons begin het. Op watter stadium het hulle ongewild geraak? -- Dit het eers vir my duidelik geword in die jaar 1983 toe die gemeenskap daar dit nou duidelik gemaak het dat hulle nie tevrede was met die (30

raadslede / ..

raadslede nie omdat die raadslede nie voldoen aan die vereistes wat hulle van hulle verwag het nie. Alhoewel daar gepraat is vir jare vantevore van die verskuiwings was daar nog nie daardie bekende ding gewees dat die mense moet dit duidelik maak dat hulle nie die raadslede goed sien nie.

MNR JACOBS: Dankie, edele. Sal u saamstem dit was nadat HUCA tot stand gekom het dat hierdie verandering werklik op die voorgrond getree het? -- Nee, ek sal nie so sê nie. Voor die stigting van HUCA het die mense alreeds besef dat die raadslede nie goeie dinge vir hulle doen nie. Dit beteken dus dat al (10 was HUCA nie gestig nie, op die ou end sou die mense maar die vriendskap beëindig het omdat hulle alreeds besef het dat die raadslede nie goeie dinge vir hulle doen nie.

Is dit reg daar in die 1980 vergadering het raadslede voorgestel dat daar 'n petisie opgestel moet word en die raadslede het dit geïnisieer en almal het saamgewerk aan daardie petisie omtrent die verskuiwing? -- Dit is die waarheid.

Nou die terugrapportteringsvergadering wat jy van praat toe - kan jy vir ons sê watter maand dit was? Dit is hierdie een in 1982? -- Is dit nou die vergadering in 1982? (20

Ja, toe daarso besluit moes word dat mense sal na Kimberley toe gaan?

HOF: Nee, die terugrapportering is tog na Kimberley?

MNR JACOBS: Ja, maar ek dink hy het dit geïdentifiseer as dat daar 'n besluit sou geneem word dat die mense sou na Kimberley toe gegaan het.

HOF: Wel, ek het verstaan die terugrapportteringsvergadering is toe hulle terugkom van Kimberley af, is dit nie?

MNR JACOBS: Toe hulle die mense gekies het, ek wil van daardie ene weet, of hy ons kan sê. (30

MNR / ..

MNR BIZOS: Wel, daar was twee vergaderings, edele. Die een waarop die afgevaardigdes gekies is en daarna 'n vergadering waar gerapporteer is.

HOF: Ek is daarmee eens, mnr Bizos. Watter een noem u die terugrapporteringsvergadering? Dit is sekerlik nadat hulle teruggekeer het van Kimberley af?

MNR JACOBS: Ja, ek sien nou wat die hof bedoel, dat ek dit daar onduidelik - kan u vir die hof sê wanneer die vergadering was waar die afgevaardigdes gekies was, wanneer dit plaasgevind het? -- Ek weet nie. Ek is nie seker van die jaartal (10 of dit 1983 of 1984 is nie, maar voor ek myself nou daar uitspreek kan ek u nou vra of u bedoel die vergadering, die datum van die vergadering waar daar besluit is om die afgevaardigdes te kies wat saamgaan na Kimberley toe, of wat is eintlik u vraag?

Dit is my vraag, ja.

HOF: Ek dink u het gesê u dink daar is vyf? -- Ja, ek het gesê dit is Mrs Dooms, Jomo en ander. Dit is die afgevaardigdes wat die raadslede vergesel het.

Ja. Nou die vraag wat die advokaat aan u vra is (20 wanneer het daardie vergadering plaasgevind? -- In die jaar 1983 as ek reg is.

MNR JACOBS: Kan u vir ons sê watter maand dit was? -- Nee, ek onthou nie die maand nie.

Nou as ek jou getuienis reg verstaan het, dan was die opdrag van die vergadering aan hierdie mense hulle moes die raad vergesel na Kimberley toe en daar by Kimberley moes hulle hoor wat daar bespreek word en dan moes hulle kom terug rapporteer. Is ek reg daarso? -- Dit is so, ja.

En jy is baie seker daarvan dit was hulle opdrag (30

gewees / ..

gewees? -- Ja, dit is so.

Nou kan jy vir ons sê wanneer sou hierdie afgevaardigdes en die raadslede die eerste vergadering - laat ek dit liewers eers so stel: sou hulle meer as een ontmoeting hê met die administrasieraad of weet u nie? -- Kyk, hulle was mos bymekaar gewees en hulle is toe Kimberley toe. Wat hulle moes gedoen het was sodra hulle teruggekom het van Kimberley af moes hulle kom terugrapporteer het.

Laat ek dit vir jou so stel, dit is hier geopenbaar in hierdie hof, daar was twee ontmoetings met die raad gewees (10 deur daardie afgevaardigdes en die raad, die administrasieraad.

HOF: Watter raad?

MNR JACOBS: Met die administrasieraad. Een op Vryburg en een op Kimberley. -- Ja, dit is so. Maar die rede hoekom hulle so lank geneem het om die vergadering te hou waar hulle terugrapporteer was omdat die gemeenskapsraad mense het gedink dat die afgevaardigdes die vergadering sou belê en dieselfde geld vir die afgevaardigdes, dat hulle gedink het dat die gemeenskapsraadmense die vergaderings sou belê waar die terug- (20 rapportering gedoen sou moes word. Dit is hoekom ek gesê het dit het geneem drie weke tot 'n maand voor hulle terugrapporteer het. Dit was na aanleiding van vrae wat gevra was hoekom hulle so lank geneem het dat dit bekend geword het.

Wie het nou vir u gevra wanneer dan hulle moes terugrapporteer en wie moes rapporteer? Ek het vir u gevra of daar twee ontmoetings was met die administrasieraad.

HOF: En die antwoord was ja. Nou kan u van daar af verder gaan.

MNR JACOBS: Kan u nou vir die hof sê wanneer was die - toe (30 die / ..

die afgevaardigdes gekies was, wanneer sou hulle die eerste keer die administrasieraad ontmoet? Hoe lank na daardie vergadering was die eerste ontmoeting gereël of moes hulle dit nog gaan reël? -- Volgens die vergadering waar die afgevaardigdes gekies is, het hulle gesê dat julle word gekies om saam met die gemeenskapsraadmense more by die administrasiekantore aan te doen waar julle vergadering gaan hou met die lede van die administrasieraad.

En hoe lank na hierdie een die volgende dag plaasgevind het, het die tweede een plaasgevind? Weet u? -- Nee, ek (10 weet nie. Kyk, al wat ek weet is dat die mense na Kimberley toe is. Ons het besluit dat hulle ons daar moet gaan verteenwoordig. Ek weet nie presies watter dag het hulle op die ou end toe in Kimberley uitgekom nie.

Of die tweede vergadering gehou nie? -- Waar te Kimberley?

Op Vryburg. Die een is op Kimberley gehou en die een op Vryburg. -- Bedoel u nadat hulle teruggekom het van Kimberley af het hulle 'n vergadering gehou hier in Vryburg?

Ja, dit is die bewering wat gemaak is. -- Nee, nee, ek weet nie daarvan nie. Al wat ek van weet is die vergadering wat by die saal gehou was toe die mense teruggekom het. (20

Was dit nie gerapporteer op daardie vergadering dat daar twee vergaderings..

HOF: Ag mnr Jacobs, maak dit saak of daar twee was of nie?

MNR JACOBS: Wel, ek wil dit aan u stel op altwee die vergaderings dan was julle mense toegelaat om teenwoordig te wees en te luister wat daar gesê word. -- Kyk u moet my nie verwarring nie. U moet dinge vir my duidelik stel dat ek verstaan waarvan u praat. Byvoorbeeld ek het verwag as ek nou luister na u stelling dat u vir my moes gesê het kyk, na die mense (30

in / ..

in Kimberley was het hulle weer alleen bymekaar gekom waar hulle weer vergadering het voor hulle na julle toe gekom het by die vergadering in die saal. Dit is hoe ek u sou verstaan het.

Nou antwoord maar net die vraag wat ek vir u gevra het, asseblief. Ek gaan nie met u in 'n argument betrokke raak nie. -- Herhaal die vraag laat ek hoor wat die vraag is.

Die vraag was dat by altwee die vergaderings, dat daar twee plaasgevind het, was dat julle afgevaardigdes toegelaat is om die vergadering by te woon en waarneming te doen. Al wat verskil het, hulle is nie toegelaat om deel te neem aan (10 die besprekings nie. -- Het hulle nie gepraat in Kimberley sê u?

HOF: Ja, laat ons nou nie die ding deurmekaar maak nie. Die advokaat sê vir u hulle was by die vergadering in Kimberley, julle afvaardiging by die vergadering in Kimberley was, hulle nie uitgesluit is van die vergadering nie maar by was en gesit en luister het, maar hulle mag net nie gepraat het nie. -- Ja, dit is wat hulle vir ons kom sê het.

MNR JACOBS: Maar dan kan ek nie verstaan hoekom julle mnr Dikhole blameer nie, want hulle het hulle opdrag uitgevoer. (20 Hulle was net opdrag gegee om te gaan luister, hulle was nie opdrag gegee om te gaan praat nie? Hoekom blameer julle dan vir mnr Dikhole vir al hierdie dinge en dat hy en sy raad nou skielik verkeerd is? -- Ja, wat dan?

Antwoord my. -- Ja, maar u sê nou net vir my dat die mense daar was in Kimberley, hulle het gaan luister en hulle het toe teruggekom. Nou wat is die moeilikheid daaromtrent?

Mnr Dikhole, verstaan jy nie die tolk as hy tolk nie?

HOF: Dit is nie mnr Dikholo nie.

MNR JACOBS: Verstaan u nie die tolk nie?

(30)

HOF / ..

HOF: Mnr Dikhole sal baie, baie goed moet luister as hy hier-die tolk wil hoor.

MNR JACOBS: Ek is jammer, edele. Ek het nou gedink aan mnr Dikhole toe ek die woord gesê het. Mnr Thebe, verstaan u nie die tolk nie? -- Ja.

Nou kan jy my vraag antwoord. Dit is 'n baie goeie tolk en hy het dit getolk vir jou. -- Ja, vra die vraag, ek sal antwoord.

Goed, ek sal dit herhaal vir jou. Hoekom word mnr Dikhole geblameer vir 'n ding wat dan gebeur het nie, want die raadslede (10 het die afgevaardigdes saamgevat, hulle is toegelaat soos hulle volmag was om daar by te sit by die besprekings. Met ander woorde mnr Dikhole en sy raad het niks verkeerd gedoen nie, hoekom word hy en sy raad dan die blaam gegee vir alles wat nou daar verkeerd gaan. -- Nee, nee, u verstaan dit nie. Ons het nie die mense gestuur om net daar te gaan sit en luister nie. Ons het die mense gestuur om ons saak daar te gaan stel en namens ons te gaan optree daar by daardie vergadering in Kimberley, maar wat dan gebeur het is die mense is nie toegelaat om te praat en deel te neem nie. Nou ja, dit is nie wat ons (20 verwag het dat dit moet gebeur met daardie mense. Die mense moes daar gepraat het en vir ons kom sê het wat hulle daar kon uitvoer en wat hulle gedoen het, alles. Nie dat hulle net daar moet gaan sit en luister en terugkom nie. Die terug-rapportering van Dikhole aan ons is die volgende: dat die mense wat julle gestuur het om daar te gaan praat namens julle, dat hulle hy help praat teen hierdie verskuiwing was nie toe-gelaat om te praat nie, maar in die teenwoordigheid van hierdie mense het ek dit toe opgeneem met die raad. Ek kon nie daarin slaag nie, ek kan dit nie verder voer nie. Dit wil sê ek (30 kan / ..

kan nie die verskuiwings verhoed nie.

Onthou jy net nou het ek vir jou gevra, is jy baie seker van die opdrag en jy het dit bevestig dat die mense moet net gaan luister. Nou verander jy dit. Kan jy dit verduidelik? -- Nee, nee, dit is nie reg nie. Kyk wil u my nou hier laat verstaan dat hier gee ek 'n persoon geld en sê gaan kafee toe. Die persoon het die geld, hy gaan kafee toe. Sal die persoon net daar by die kafee gaan staan en kyk wat daar gebeur in die kafee? Hierdie mense het ons gestuur om namens op te tree, dit wil sê hulle moet gesprekke voer namens ons. Dit is nie(10 'n kwessie dat hulle net daar moet gaan sit en luister het nie. Ek het gesê hulle moes namens ons optree.

Is dit u antwoord? Ek los dit daar. Het die delegasie self op daardie vergadering opgestaan en verslag gedoen? -- Ja, hulle het gepraat.

Het hulle vir julle verslag gedoen wat mnr Dikhole gepraat het met die raad in hulle teenwoordigheid en die raad weer met mnr Dikhole se mense bespreek het, die gemeenskapsraad se mense?

HOF: Wat gepraat word met die administrasieraad? (20

MNR JACOBS: Ja. -- Volgens die verslag van Dikhole het ek die volgende verstaan. Dat die afgevaardigdes was teenwoordig by die kantore, maar nie in dieselfde vertrek waar die vergadering gehou was tussen die gemeenskapsraadmense en die administrasieraad nie, want volgens die verslag van Dikhole die mense was nie toegelaat daar nie. Ek het dus verstaan dat hulle in 'n ander vertrek was of op 'n ander plek was terwyl die vergadering in 'n ander vertrek aangegaan het. Die mense het net gehoor van Dikhole wat die administrasieraad se mense sê aangaande hierdie ding wat hulle daar moes bespreek het. (30

Sien / ..

Sien ek het dit net nou ook aan u duidelik gemaak dat hulle was al die tyd teenwoordig en u het bevestig dit is so gerapporteer. Hulle was net nie toegelaat om te praat nie. Nou verander u dit weer heeltemal. Wat is nou die waarheid? -- My bevestiging om te sê dat hulle teenwoordig was, kan ek byvoorbeeld so stel: Hier in hierdie hofsaal ons is almal in die hof teenwoordig maar sodra daar 'n afskorting opgesit word hier dat byvoorbeeld diehofbank nou alleen anderkant is dan is ons nie meer almal teenwoordig in dieselfde hof nie, maar as 'n mens gevra word was jy by die hof, dan sal 'n mens (10 sê ja, ek was teenwoordig by die hof. Ons was by die hof maar nie in dieselfde vertrek nie, dit is wat ek bedoel het. Dat hulle wel daar was, maar nie in dieselfde vertrek nie.

Nou kan jy nou vir my antwoord? Het hierdie afvaardiging, enige van hulle, verslag gedoen van wat gebeur het in Kimberley? -- Ja, die mense het gepraat maar hulle het net herhaal wat Dikhole gesê het, dat hy, Dikhole, die persoon is wat daar gepraat het. Eintlik het hulle dit beter gestel deur te sê dat Dikhole alleen daar gepraat het soos hy gesê het. Die rede daarvoor is dat hulle nie in die vergadering (20 toegelaat was nie. Hulle het net gehoor van wat Dikhole vir hulle gesê het in die vergadering plaasgevind het. En Dikhole ook vir hulle gesê het dat daar nou nijs is wat hy Dikhole, kon gedoen het om die verskuiwings te verhoed nie.

Is dit nou wat in Kimberley sou gebeur het? -- Ja.

Was daar op enige stadium daar op daardie vergadering verslag gedoen wat op 'n ander vergadering as in Kimberley plaasgevind het, tussen die administrasieraad, die stadsraad en waar die afgevaardigdes hulle vergesel het? -- Ek is nie daarvan bewus nie. Al wat ek weet is dat hulle in Kimberley (30

bymekaar / ..

bymekaar was by 'n vergadering. Daarvandaan het ons die vergadering gehad waar hulle nou teruggerapporteer het oor wat daar gebeur het in Kimberley. Dit is in Huhudi waar hulle dit gesê het.

Was u bewus daarvan dat mnr Dikhole een van die vergaderings nie bygewoon het nie, omdat hy nie kon nie? En as ek dit reg onthou dan is dit die Kimberley vergadering wat hy nie bygewoon het nie. -- Was hy nie Kimberley toe nie?

Antwoord my maar net.

HOF: Nee, maar u kan dit nie op so 'n losse basis plaas (10 nie. U moet vir die getuie sê Dikhole sê hy was nie in Kimberley nie, dan kan die getuie daarop kommentaar lewer; maar nie op 'n basis van u dink amper dit is Kimberley, maar dit kan ook Vryburg wees nie.

MNR JACOBS: Ek sal net seker maak. Daar was wel vermeld dat hy by een van die vergaderings nie was nie.

MR BIZOS: In fact, m'lord, on page 3 974, he said he was not at Vryburg.

COURT: Thank you.

MNR JACOBS: Dankie, edele. Nou op hierdie vergadering, (20 nadat die verslae gedoen was, het enige iemand opgestaan en gepraat teen die raad?

ASSESSOR: Wil u nie 'n antwoord hê op die vorige vraag nie?

MNR JACOBS: Ekskuus, ja. Dat mnr Dikhole - ek aanvaar my geleerde vriend se stelling op hierdie stadium, dat hy nie die Vryburgvergadering bygewoon het nie. -- Nee, hulle het nie aan ons so gesê nie.

Het enige ander van die sprekers van die afvaardiging of enige ander spreker daar op daardie vergadering toe 'n toespraak gelewer waarin hy die raadslede, mnr Dikhole en sy kollegas (30

aangeval ..

aangeval het vir een of ander rede? -- Dit was met die mense se terugkoms vanaf Kimberley dat daar uiteengegaan was tussen die gemeenskapsraadmense en die afgevaardigdes en dat daar besluit was dan op die stigting van HUCA.

Ek sal nou -nou by die stigting van HUCA kom. Kan u net die vraag antwoord asseblief? -- Nee, nee, dit is nie 'n kwessie van dat die spreker teen die gemeenskapsraadslede gepraat het of teen Dikhole gepraat het nie. Die persoon het feite genoem en gesê met ons aankoms te Kimberley, Dikhole het toegelaat dat ons agtergelaat word, dat ons nie die vergadering kan (10 bywoon soos ons gestuur was nie. En hy het alleen met die blankes daar gaan praat. Dit wil sê Dikhole het nie gedoen wat die mense hom gestuur het om te gaan doen nie. Wat die mense verwag het van Dikhole was die volgende, dat as daardie blankes in Kimberley weier dat Dikhole saam met die afvaardiging moet inkom dan moes Dikhole self ook onttrek het en gesê het kyk, ek gaan nie in nie. Ek het met die mense hier gekom en ek het opdrag om saam met die mense hier by julle te kom.

HOF: Maar is dit nou wat u sê moes gebeur het, of is dit (20 wat u sê daardie spreker gesê het? -- Nee, dit is nou my gedagte wat ek sê, dat hy moes met die mense daar ingegaan het.

Ja-nee, op die oomblik word u gevra oor 'n spreker wat by die terugrapportieringsvergadering sekere dinge genoem het. -- Ja, ek verstaan dit. Daardie spreker het net gesê dat ons saamgegaan het met Dikhole en met ons aankoms daar was ons nie toegelaat om in te gaan en te gaan praat daar nie. Met ander woorde die man sê niks sleg teen die raad of teen Dikhole. Dit was die gevoel van die gemeenskap daar wat dan na aanleiding van hierdie toespraak, die verslag deur hierdie(30

persoon / ..

persoon verander het.

MNR JACOBS: U sien, ek stel dit aan u dat Dikhole het nooit op daardie vergadering gesê dat hy het nou alles probeer en hy kon nie slaag nie omdat die mense so sê, hy kan nie slaag nie en dat die hele verskuiwing nou maar sal moet deurgaan.

K1386 -- Sê u dit is wat Dikhole gesê het aan u of sê u dat u sê dit namens Dikhole?

HOF: Nee, die advokaat sê vir u dat op daardie teruggraptingvergadering het Dikhole nooit gesê dat hy kon nie slaag met die verskuiwing nie, en die ding moet nou maar aangaan. (10) -- Maar Dikhole het dit gesê in die teenwoordigheid van die gemeenskap daar vol in die saal. Ek was daar gewees. Ek het self gehoor. Word dit gestel aan my deur die advokaat omdat hy dit op daardie papier voor hom het?

Ja. -- Nou ja as dit die geval is dat hy nou met daardie papier voor hom wil praat dan is dit goed. Dan moet hy nie vir my vra nie, want enige ding kan daar geskryf word.

MNR JACOBS: En wat meer is, jy is verkeerd in wat jy daar sê vir die hof en wat meer is hoekom ek sê dit is verkeerd, want Dikhole en die ander raadslede het nie die ding daar (20) gelos nie. Hulle het nog altyd voortgegaan om te veg dat die verskuiwing nie moet plaasvind nie. -- Nou sien ek dit. Nou sien ek hoekom u dit vir my so stel. Nou sal ek vir jou sê hoekom. U is haastig om vir my te sê later dat Dikhole die persoon is wat die petisie laat uitvoer het. Dit is nie reg nie. Dikhole was skaam gewees omdat die gemeenskap op hulle eie besluit het om die petisie op te stel, dat hy ook maar op die wa gespring het. Andersins hy is die man wat veronderstel was om 'n leier te wees en hierdie dinge van die begin af te begin het, en nie sommer so opklim waar die mense die ding (30)

alreeds / ..

alreeds begin nie.

Is die ding nie so dat die petisie was alreeds in 1980 opgestel nie, dat dit reeds lank terug was en wel van die raad af gekom het nie? -- Ja, maar dit is wat ek sê. U probeer my trek na daardie petisie toe om vir my te sê Dikhole is eintlik die oorsaak daarvan en die ding was al lankal verby toe ons by hierdie punt kom van Kimberley. Nou sien ek hoekom u gesê het dat Dikhole nie gesê het dat dit hom baasgeraak het, hy kan dit nie verder uitvoer nie. Hy is nie meer in staat om die verskuiwings te verhoed nie. Dikhole het vir ons gesê, (10 maar u sê hy het dit nie gesê nie omdat u gebruik maak van die petisie wat lankal verby was.

HOF: Hoekom sê dat wat die petisie betref Dikholo ook op die wa wou spring? -- Dit sê ek omdat hy was die hele tyd bewus daarvan dat daar verskuiwings gedoen gaan word en die mense het dit teengestaan. En op 'n stadium toe hy besef het dat van die mense al begin trek het en die gemeenskap daarteen was, toe het hy nou skaam gevoel en gesê goed, laat ons nou 'n petisie opstel. Dit was nie uit sy eie dat hy dit gedoen het nie.

MNR JACOBS: Dit is sommer nou gevolgtrekkings wat jy maak, is dit reg? -- Ja, maar dit is presies net soos ek dit dink.

Want jy sien, is dit nie so nie dat die mense het eers begin trek in 1982 nie? -- Ja, dit was in 1982 gewees.

Jy sien dan van jou hele antwoord en jou hele gevolgtrekking nou deur, want die petisie was alreeds in 1980 gewees. -- Voor die jaar 1982 was daar mense gewees wat getrek het. Dit was eintlik nie so duidelik gewees aan almal van ons nie. Dit was eers in 1982 dat almal bewus geword het daarvan dat mense besig was om te trek. (30

Wil / ..

Wil jy nou in alle eerlikheid vir hierdie hof vra om te aanvaar dat in 'n klein gemeenskap soos Huhudi mense uittrek na Pudimoe toe en niemand of die grootste meerderheid of die hele gemeenskap dit nie sou weet nie? -- Ja, dit kan gebeur byvoorbeeld soos ek. Ek huur by 'n man se huis en hier word ek 'n groot huis belowe waar ek beter gaan lewe en minder betaal, waar ek meubels sommer sal in en uitskuif soos ek wil, ek sal ook op daardie manier kan trek omdat daar so 'n belofte aan my gemaak word en so 'n mens sal mense nie maklik kan agterkom dat hy nou trek na die nuwe gebied wat hulle probeer(10 verhoed nie. Dit is net die eienaar van daardie standplaas wat ek huur wat sal weet dat ek getrek het en miskien die mense wat naby woon by ons, maar die mense wat ver bly, by die munisipale huise sal nie daarvan weet nie.

Sal u saamstem dat as ongeveer 200 gesinne trek uit so 'n klein gebied uit dan sal dit 'n algemeen bekende ding word? -- Ja, in die geval waar die standplaaseienaar self moet trek sal dit gou bekend word, maar nie in die geval waar 'n huurder moet trek nie. En dit is net die mense naby wat sal weet, nie al die mense nie. (20

Goed. Sê net vir die hof, is dit so, is dit feitlik so of nie dat waar mense getrek het is die huise ge"bulldoze" soos hulle gesê het, omgestoot met "bulldozers"? -- Nee, ons het dit nog nie in Huhudi gesien dat daar huise omgestoot was na die mense getrek het nie.

So geen huise is omgestoot met 'n "bulldozer" nie? -- Nee glad nie.

Het u kennis gedra dat die raad na daardie vergadering waar julle nou met hulle die uitval gekry het, dat die dorpsraad nog steeds voortgegaan het met onderhandelings met die (30

minister/..

minister en dat hulle die minister op 'n stadium persoonlik gaan sien het. Het u daarvan kennis gedra? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

Net oor die kwessie van die mense wat getrek het. 'n Ander punt wat ek daar met u wou opgeneem het, u sien toe u getuienis gegee het, het u vir die hof met groot smaak kom vertel dat die raad se lorries daardie mense kom oplaai het, waar julle dit almal kon sien. -- Ja?

So die mense het nie in die geheim daar weggegaan nie, almal kon dit sien? -- Nee, nie almal nie. Daar is van die (10 mense wat dit gesien het en daar is van die mense wat dit nie gesien het nie. Ek het dit self gesien by die kantore van die raad. Terwyl ek daar was het ek gesien dat 'n persoon brood en suiker gegee word, dit was 'n persoon wat besig was om te trek. Dit was met die doel dat die persoon voor maar daardie goed moet gaan geniet en dit was nie net een persoon wat ek gesien het nie.

Ek gaan nie met jou daaroor 'n stryery aangaan nie. Sê net vir die hof, die vragmotors, het dit aan die administrasieraad behoort of het dit aan die munisipaliteit, die dorps(20 raad behoort? -- Daar by ons in Huhudi die lorries word gebruik vir almal. Byvoorbeeld ons weet nie eens was die naam verander word nie. Ons noem dit almal die raad se eiendom.

Maar jy weet nie of dit behoort aan die administrasieraad en of dit behoort aan die dorpsraad nie? -- Nee, ek weet nie. Ek kan nie 'n verskil maak tussen die twee nie.

En is dit nie so dat die verskuiwing moes gedoen word deur die administrasieraad nie? -- Ek weet nie, die mense van die raad sal weet. Ons noem hulle het die raad. Nou ja, wie dit doen, dit sal hulle weet. (30)

En / ..

En toe jy netnou vir die hof gesê het dat hierdie raadslede van die dorpsraad wat so onderhands die mense gaan omkonkel en so gaan vervoer het, het jy ook maar net weer die raadslede, die dorpsraadslede, swartgesmeer? -- Dikhole is 'n burgemeester van Huhudi; daar is 'n burgemeester in Vryburg, in die dorp. Ek het aan Dikhole gevra hoekom gaan jy nie na die ander burgemeester toe, dit is die ene van Vryburg, dat jy met hom hierdie ding gaan bespreek van die verskuiwings. Hoekom moet jy vir ons loop en vra wat die gevoel is tussen ons.

(10)

Is dit jou antwoord? Ek wil dan ook net verder aan jou stel dat hierdie storie wat jy vir die hof vertel het dat hulle die raadslede, die dorpsraadslede, het hierdie raad se voertuie gebruik is 'n ding wat jy uit jou duim gesuig het en dit is net weer afleidings wat jy sommer net maak. -- Nee, maar u was mos nie daar nie. Ek was daar gewees, ek haat Dikhole nie. Ek kan nie leuens teen hom vertel nie.

Ek dog dan dit is Matlhoko wat dit gedoen het en nie Dikhole nie? -- Wie is Matlhoko? Praat u van Matlhoko? U sê dit is Matlhoko, dit is Matlhoko (verander uitspraak). (20) HOF: Ja, laat ons nou nie stry oor nonsens nie. Jy weet goed wat bedoel word.

MNR JACOBS: Sê net vir die hof hoekom bring jy Dikhole hier ter sprake terwyl dit jou getuienis was dit is eintlik Matlhoko of hoe jy hom ookal uitspreek, wat die vraagmotors gereël het en daardie dinge? -- Kyk Matlhoko en Dikhole werk saam in die sin dat Dikhole kan vir Matlhoko 'n boodskap gee en sê kyk, ek gaan nou weg, jy moet dit en dit doen. In die afwesigheid van Dikhole en Matlhoko sal dit uitvoer. Dikhole is eintlik die senior van Mathloko want hy is die burgemeester van die (30)

gemeenskapsraad/..

gemeenskapsraad.

Ek wil eintlik 'n voorstel maak dat dit 'n geskikte tyd is om nou te verdaag want ek dink aan mnr Bizos se versoek van vanoggend.

HOF: Ja, ek wil net 'n opmerking maak, en dit is dat wat die lei van hierdie getuie betref, ek dink dat dit ontsettend omslagtig gebeur het. Wat die kruisverhoor van hierdie getuie betref dink ek dat dit geweldig omslagtig was. Soos u lankal opgemerk het, albei die here, het ek geen beheer oor hierdie saak nie. Ek laat hom maar loop omdat ek as regter nie bevoeg (10) is om in te meng nie. Ek doen dit ook nie meer nie, maar u moet nie dink dat ek die wyse waarop hierdie saak gevoer word goedkeur nie. Ek dink die getuienis kan baie korter aangebied word, ek dink die kruisverhoor kan baie meer tot die punt wees. Dit is my mening. Ek vra nie u mening daaroor nie, ek gaan hierdie mening klaarblyklik ook uiteindelik aan die einde van die saak huldig.

DIE HOF VERDAAG TOT 20 MEI 1988.

(20)